## *Nkrumah Stuur Telegram*

# Rebellegroep Van A.N.C. Breek Weg En Stig Eie Beweging

JOHANNESBURG.

**ONDER 'n banier van „Afrika vir die naturelle — van die Kaap tot Kairo; van Marokko tot Madagaskar" het die „Africanists" — die ekstremistiese rebellegroep van die African National Congress — hierdie naweek in Johannesburg byeengekom om 'n onafhanklike groep te stig.**

Ongeveer 250 naturelle van sover as die Kaap en Natal het in die naturelledorp Orlando vir 'n driedaagse konferensie byeengekom.

Telegramme met goeie wense is ontvang van die president van die republiek van Guinea en van dr. Nkrumah van Ghana. Dr. Nkrumah se telegram het verwys na „'n niegewelddadige en konstitusionele stryd."

Gesang, gebede en uitroepe van „Afrika" het die amptelike stigting van hierdie naturellebeweging, wat geen samewerking van blankes of ander rasse verlang in hul stryd vir gelyke regte nie, gekenmerk.

### „FASCISME"

Ander baniere het gelees, „Vooruit na 'n Verenigde State van Afrika", „Imperialiste, trap uit Afrika" en Bevry Banda, Kaunda en Kenyatta".

Die vergadering is onder meer ook gevra om op te staan ter ere van „die martelare wat in Njassaland en die Belgiese Kongo die lewe gelaat het."

Robert Sobukwe, 'n lektor in Bantoe-tale aan die Universiteit van die Witwatersrand, het gesê dat sowel Amerika as Rusland na die vriendskap van die Afrika-state vry.

Nadat die spreker 'n aanval op Suid-Afrika gedoen het oor sy fascistiese tirannie" het hy gesê dat hierdie beweging nóg die Westerse nóg die Oosterse blok sal steun.

### VEILIGHEIDSAFDELING

Oor Suid-Afrika het hy gesê dat: „Ware demokrasie in Suid-Afrika alleen tot stand kan kom wanneer die onderdrukte naturellemeerderheid tot sy reg kom . . . wanneer die blanke se oorheersing uitgewis is . . . die vryheid van die naturel beteken die vryheid van almal."

Toe die kongres sy program van aksie begin bespreek het, is die pers gevra om die vergadering te verlaat. Lede van die Veiligheidsafdeling van die polisie het in motors buite die saal gesit.

'n Ernstige woordewisseling het later ontstaan omdat sommige van die teenwoordigers beweer het dat sekere lede inligting aan die pers verstrek het. — (Sapa.)

Robert Sobukwe Papers

***PUBLISHER:***
*Publisher:*- **Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand**
*Location:*- **Johannesburg**
**©2010**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

***DOCUMENT DETAILS:***

*Document ID:*- **A2618-Cp2-3-3**
*Document Title:*- **Die Volksblad: Rebellegroep van A.N.C. breek weg en stig eie beweging (Translation: A.N.C. rebel group breaks away and establishes its own movement)**
*Author:*- **Die Volksblad**
*Document Date:*- **6 April 1959**